David was oor die jare 'n baie aktiewe en hoog gerespekteerde teler en beoordelaar van Waaiersterte. Sy pa was oorlede Ds André Malan wat self ook diep spore in die stokperdjie getrap het. Op sy dae was David selfs vir 'n tyd die redakteur van ons tydskrif "Die Sierduif". Hy het ook baie jare gedien as sekretaris van die Waaierstertklub en later ook as president. Sy wit en blou Waaiers het vir baie jare die Waaierstert toneel oorheers. Dit was in die dae wat daar nog 20 plus wit jong wyfiies en mannetjies vertoon was. Daar was selfs 'n verrassing een jaar op die

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

SA's in Welkom toe hy met 'n swart Waaier gewen het. Dit was egter nie sy liefde nie en hy het maar weer gebly by wit en blou. Hy het ook vir 'n ruk poeier blou en silwer geteel. Die daling van gehalte in die wit Waaiers van SA is nadat David opgehou het met teel is 'n aanduiding van hoe belangrikke rol hy in die Waaiers ge-speel het.

In die laat 70's het Dawid wit Waaiers van onder andere Tom Pritchett van Amerika ingevoer. Die duiwe het 'n totale revolusie hier veroorsaak want die duiwe het groot verbeterings getoon op die standaard van die SA Waaiers van die tyd. Soos dit maar altyd gaan was daar groot weerstand teen die verandering maar op die ou end het almal die vordering erken. Hy was ook bereid om die duiwe te versprei en dit het hom in staat gestel om self 'n besoek aan Amerika te bring en weer 'n klompie duiwe ingevoer. Latere invoere het ook ingesluit poeiers van Garry Bronson en blou van Gordon Larson. Onder andere was daar 'n blou mannetjie van Larson wat, toe ek hom gesien het , een van die lelikste Waaiersterte was wat ek ooit gesien het. Daardie mannetjie (1989/703) het egter 'n geweldige rol gespeel in die gebalkte duiwe van daardie tyd. Daar was weinig gebalktes wat op skoue gewen het wat nie van daardie mannetjie afgestam het nie.

In 2003 het ons 'n gesamentlike gedenkskou vir David en ook Kobus Blaauw gehou te Westerndeep Levels naby Carletonville. Dit was 'n baie besige skou met oor die 200 Waaiers wat vertoon is. Martin Veldhuis van Nederland het die beoordeling waargeneem. Dit was heerlik om die twee ou strydrosse saam met ons te hê vir die dag. Dit was dan ook goed dat die skou gewen is deur nog 'n ou teler, oom Dirk Nortje. Hy kon ongelukkig nie die dag saam met ons gewees het nie.

Soos in Suid-Afrika was daar in Amerika en Kanada groot respek vir David se kennis van ons geliefde Waaierstert. Tydens sy besoek daar het hy heelwat mense besoek en was ook op 'n skou of wat.

Ek het David ontmoet pas nadat ek in 1980 na Roodepoort verhuis het. Hy was woonagtig in Krugersdorp en was 'n joernalis by 'n plaaslike koerant. Ek, soos baie ander telers het heelwat duiwe van hom af gekry oor die jare wat 'n groot rol gespeel het in my stoet.

David se afterwe is 'n groot verlies vir die sierduif stokperdjie en die Waaiersterte in die besonder.

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## Voëlgriep

**Ingestuur deur Simon Jordan**

Voëlgriep is 'n siekte wat voorkom by voëls, vernaamlik hoenderagtiges, wat griepagtige simptome veroorsaak met sufheid, betraande oë en opgeswelde kele. Die kam van die voël verkleur dikwels ook. Sommige voëls sterf vinnig na besmetting. Die broeityd wissel tussen drie tot twee weke. Die siekte is dodelik vir hoenders en kalkoene.

Die siekte word veroorsaak deur 'n variant van die griepvirus: die griep A virus. Die virus is baie veranderlik met die gevolg dat daar telkens nuwe variante ontstaan. Virusse vermenigvuldig in 'n gasheersel. In rofweg een uit elke 10 000 gevalle ontstaan daar klein foutjies in die voortplantingsproses wat 'n mutasie veroorsaak wat aanleiding gee tot die ontstaan van 'n nuwe variant, wat moontlik gevaarliker kan wees as die oorspronklike virus. Die mutasieproses by virusse staan bekend as 'n herrangskikking. By die griep A virus vind herrangskikking op 'n ander manier plaas, naamlik antigeenverskuiwing. As die herrangskikking tot 'n voldoende mate plaasvind, kan 'n laagpatogeenvirus na 'n hoogs aansteeklike, dodelike variant muteer wat 'n epidemie tot gevolg kan hê.

Vatbare diersoorte, sluit in die mens.

Voëls wat vatbaar is vir voëlgriep is hoenders, kalkoene, eende, ganse, poue, duiwe, fisante en patryse. Wilde watervoëls kan besmet word, maar word gewoonlik nie siek nie. Ook loopvoëls soos volstruise, emoes en nandoes kan besmet word.

Ook soogdiere, waaronder mense, kan deur die voëlgriepvirus besmet word. Daar is gevalle bekend in die VSA van 'n perd en 'n aantal mense wat besmet is. Die gepaardgaande siekteverskynsel was egter baie lig. In Hong Kong het daar egter 'n ernstiger variant ontstaan. In 1997 is ses slagoffers oorlede na besmetting met die H5-variant. Die virus kan by mense ook oogontsteking (konjunktivitis) veroorsaak wat nie aansteeklik is nie.

Op die 16de Februarie 2004 is daar in Bangkok, Thailand bekend gemaak dat 'n luiperd aan die H5N1-virus beswyk het en dat 'n tier besig was om te herstel nadat dit met die virus besmet is.

Verspreiding in die omgewing van be-

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

smette boerderye kom algemeen voor. Die virus kan deur die lug versprei word, deur direkte kontak tussen voëls en indirek deur byvoorbeeld ontlasting en vervoermiddels. Uitbrake by boerderye word waarskynlik veroorsaak deur wilde eende of ander watervoëls wat oor 'n boerdery vlieg en hulle ontlastings daarop laat val. Daar word gereken dat die virus vir soveel as 'n 100 dae in die voëlmis aan die lewe kan bly. Verspreiding deur eiers is ook moontlik maar gewoonlik slegs as gevolg van mis wat aan die eiers kleef.

Daar word deur sommiges beweer dat dit nie 'n bewese feit is dat trekvoëls 'n groot rol speel by die verspreiding van voëlgriep nie en dat die verspreiding waarskynlik meer te wyte is aan die vervoer van besmette pluimvee of die vleis van pluimvee en eende. In Februarie 2006 is daar egter op verskeie plekke in Suid- en Midde-Europa verskeie dooie trekvoëls gevind wat deur die virus besmet was. Al is daar nie klinkklare bewyse dat daar 'n verband bestaan nie, is die waarskynlikheid wel baie groot dat trekvoëls wel 'n rol in die verspreiding van die virus speel.

Alle voëlgriepvirusse behorende tot die grieptipe A val in die virusfamilie Orthomyxoviridae. Grieptipe A word verdeel in subtipes volgens die proteïne-uitsteeksels hemag-glutinien (H) en neuraminidase (N) vanuit die sentrale viruskern. Daar betaan 16 H-tipes, elkeen met 9 N-subtipes, wat meebring dat daar soveel as 144 verskillende kombinasies moontlik is.

**H1N1**
Die Spaanse griep van 1918 was H1N1, wat die dood van tussen 20 tot 40 miljoen mense se lewens geëis het.

**H2N2**
Wat verantwoordelik was vir die Asiatiese griep van 1957 en 1958 waardeur ten minste 1 miljoen mense omgekom het.

**H3N2**
Wat die oorsaak was van die epidemie van 1968 en 1969 genaamd die Hong Kong griep met 750 000 sterfgevalle.

**H5N1**
Wat die dodelike voëlgriepvariant is wat tans deur die wêreld versprei word. Daar het sedert 1997 reeds tiental miljoene voëls wat gevrek het en meer as 100 mense wat daardeur besmet is, waarvan bykans die helfte daaraan beswyk het.

**H7N2**
Het by hoenders in die Verenigde State in 2002 uitgebreek met die besmetting van 44 mense.

**H7N3**
In Februarie van 2004 is hierdie vorm in Noord-Amerika gevind, met twee mense wat

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

besmet is.

**H7N7**
In 2003 is 89 mense in Nederland besmet met een sterfgeval.

**H7N9**
In 2013 vir die eerste keer by mense vasgestel.

**H9N2**
Drie infeksies is bekend onder mense in Sjina en Hong Kong.

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377



# AS EK MOES VOORBEGIN

**Benard van Zyl**

Na die 2017 Nasionaal afgestel is was daar 'n groot lawaai oor die SASV, die bestuur, ag sommer oor alles! Een van die "foute" wat weer sy kop uitgesteek het en as rede gegee was hoekom mense nie lid bly of terugkom na die SASV nie, was dat nuwe lede, of ou lede wat weer wil begin, nie goeie duiwe kry by bestaande telers nie. Die redes hoekom ons bestaande telers dan ook dit doen was breedvoerig op die internet bespreek.....dit het my laat wonder, as ek vandag moes oor begin, hoe sou ek dit doen....

Wel, vir 'n begin, ek sou met my eerste keuse ras begin, net een!! Vir my is dit maklik, ek was nog altyd 'n "eenras man". Maar vir baie nuwe lede is die verskeidenheid wat die stokperdjie bied, in vorm, kleur, grootte, blaas en nie-blaas nie, kappe, kuiwe, strikke en so meer net een te veel. So, voor jy weet wat tref jou het jy 'n hok vol duiwe, en ek bedoel maklik 6 of 10 rasse!! Niks fout met dit nie, dis jou stokperdjie en jou keuse!! Maar hou in gedagte, van die rasse gaan nie noodwendig saam met die ander in een hok werk nie. Al gesien hoe jaag 'n Chinese Uil mannetjie 'n American Showracer mannetjie om 'n kosbak..... kom kyk een middag!!! Die ander uitdaging, nou het jy 6 tot 10 rasse se standaarde om onder die knie te kry. Hoekom is dit 'n uitdaging, wel, dis moontlik 3 of 4 spesialiteits klubs wat jy gaan wil aan behoort, en dan as jy eers begin om met ander telers te praat is die kans dat as jy gebalanseerde advies wil hê, jy met 3 of 4 telers gaan moet gesels, per ras!! GELUKKIG, as jy mooi luister kan jy advies van een ras ook gebruik by 'n ander!! Al hierdie dinge kan redelik oorweldegind raak, want ons almal sien dinge anders en

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

benader dit anders, die nuwe teler gaan deur al die informasie moet werk en behou wat vir hom/haar werk. As jy met een ras begin, wel, dan kan jy met meer telers gesels oor die een ras en jy gaan begin om ooreenkomste te sien in die raad en dis daar waar jou fondasie is, 'n meer volledeger prentjie!!

Nou dat ek my ras het, die duiwe!!! Natuurlik wil ek met die beste duiwe moontlik begin!! So dan is die vraag, wie is die "top dogs" in my ras of rasse van keuse? Maklik, wie is die huidige SA Kampioen? Wie is tweede, wie het hoog geplaas in die groot klasse? Alles informasie in ons skou-uitgawe!! Maar wil ek daai skoukampioen hê of dalk eerder die ma en pa? Meeste manne soek daai kampioen, want kampioene teel mos kampioene..... "NOPE"! Nie waar nie!! Daar is 'n kans, maar dan moet jy reg oppaar...hoe doen ek dit..?? Wel, ek sal eers moet by daai manne gaan kuier!! Sien wat hulle doen, hoor hoe hulle dink, verstaan waar hulle vandaan kom en waarheen hulle oppad is!! EN DIE VERSOEKKING WEERSTAAN OM OP DIE EERSTE KUIERS DUIWE TE KOOP!! Werk eers deur die informasie wat jy gekry het en vergelyk wat die manne sê en doen in jou kop. MOET NIE DIE FOUT MAAK OM HULLE TEEN MEKAAR AF TE SPEEL NIE!!!! "ek sien sis doen dit so, hoekom doen jy dit nie ook so nie..." HULLE GAAN SOOS BOEKE TOESLAAN!! Terwyl daar gekuier word, vra hoekeom sekere dinge gedoen word. Hoekom lyk die neste so? Hoekom voer jy so min? Hoekom het jy die twee duiwe saam? Hoekom? Hoekom? Hoekom????? Met al hierdie hoekoms se antwoorde kan jy seker maak of die ras wel die een is vir jou en of jou hokke geskik is vir die ras... as jy 'n verandering moet maak, nou is die tyd!! Die proses is nie dae nie, dis maande!!!!!! As jy gelukkig is, is dit in die broeityd! Hoekom?? Wel, nou kan jy gaan kyk watter kombinasie teel wat?? Wat het gewerk en wat nie...

Wat baie nuwe manne nie besef nie is dat tydens die kuiers is dit nie net die nuweling of teler wat informasie kry nie, die bestaande telers kry ook......hulle sien dat die persoon ernstig is en hier is om te bly!! "So what"?.... wel, jou eerste duiwe wat jy kan kry het so pas 'n klas of twee geklim, hoe so, want geen teler wil die genetika wat hy oor jare verbeter het laat wegraak en oor 'n maand of twee in 'n "Pet Shop" gaan terug koop in gehawende toestand nie!! Daar is een baie belangrike ding wat enige nuwe lid, voornemende lid en

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

PAM GOLDING
PROPERTIES

PROPERTY SPECIALISTS IN
THE KLEIN KAROO

Whatever your property requirements in
Oudtshoorn, Calitzdorp, Ladysmith, van Wyksdorp,
De Rust, Uniondale and surrounds,

Our unmatched standard of personalized and professional real estate service is something you are assured of.

**8 Baron van Reede Road**
**Oudtshoon 6625**

**Tel: 044 272 2822**
**Fax: 044 272 6839**

**E-mail: oudtshoorn@pamgolding.co.za**

INTERNATIONAL PROPERTY AWARDS 2014-2015 ★★★★★
Best Real Estate Agency South Africa
Best Real Estate Agency Africa

OPP AWARDS FOR EXCELLENCE
GOLD · 2014 Best Estate Agency Africa
GOLD · 2014 Best Online Service
SILVER · 2014 Best Media
SILVER · 2014 Best Global Estate Agency

www.pamgolding.co.za/oudtshoorn

Pam Golding
An international Associate

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

selfs bestaande telers wat van ras verander of 'n nuwe ras by kry MOET onthou, AL WANNEER JY 'N TELER SE BESTES GAAN KRY IS AS HY/SY UITVERKOOP EN JY DIE HELE STOET KOOP!! Ek weet van geen stoet wat, na dit van eienaar verander het, voortgegaan het soos by die oorspronklike eienaar nie. Hoekom? Die nuwe eienaar dink anders, lê klem op ander eienskappe en gevolglik, paar anders op. "Nie moontlik nie, dis dan 'n familie"!!! Is dit werklik? Het jy die geslagsregisters gesien.... Hoeveel gemeenskaplike voorouers is in elke duif en hoe naby aan mekaar is daai duiwe? Onthou, een duif verteenwoordig nie net 10 of 20 gene nie.... en niemand ken 'n stoet of familie soos die man wat dit gebou het nie!

Met hoeveel duiwe wil ek begin?? So veel as moontlik!!! Almal sê jy moet getalle kry sodat jy kan selekteer!! Dit is so, getalle is wat jy soek, maar uit 'n paar! 12 of 16 kuikens uit twee pare is BAIE beter as 30 uit 10 pare. HOEKOM? Nou kan jy sien wat die pare se ware potensiaal is!


Ek sal met 2 pare begin. Van een teler, en die man, of vrou, vra vir so volledig as moontlik geslagsregisters!!! "How boring"!!!! WAT VAN KLEUR, EK WIL BAIE KLEURE TEEL!! En jy kan. Vestig net eers 'n groep van jou eie. Let wel, groep, nog nie familie nie, en dan kan jy kleure byvoeg na hartelus. Ek sal die 4 duiwe uitsoek as dit moontlik is, eerstens, so na aan die standaard as moontlik, MAAR, ook so na aanmekaar as moontlik in voorkoms! As die duiwe verwant is aan mekaar selfs nog beter!! As ek twee susters toevallig vat, sal ek die twee mannetjies onverwant aan hulle wil hê, of vêr verwant. Die nageslag gaan in elk geval verwant wees! Almal is altyd bang vir inteling!!! Dit kan beslis 'n probleem wees, maar as jy verstaan wat inteling doen, is dit jou vriend, nie jou vyand nie!! HIER MOET JY LEES, LEES, LEES!! Maar




***NAK Smit***

**Teel met**
**American Show Racers**

**Patrysstraat 36**
**Stellenbosch**
**7600**
**Cell: 072 585 0348**
**E-pos: naksmit@adept.co.za**




SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

daar is so min duiwe boeke?? So, as dit by teling kom is dit die beginsel wat tel...en dit bly dieselfde, of dit honde, perde, wedvlugduiwe of beeste is....so, LEES!!!!!!!!!! Onthou ook, die gehalte van die duiwe wat jy van uit kan uitsoek gaan van baie dinge afhang. Hoe gewild is die ras in die land, hoe groot teel die teler by wie jy duiwe kry, wat kan jy bekostig. Al kan jy nie die bestes bekostig nie of al het jy min om uit te kies, hoef dit jou nie terug te sit nie!! Gehalte opparing kan van gemiddelde duiwe, bo-gemiddelde teel duiwe maak....

Na die eerste broeiseisoen sal ek die kuikens streng selekteer. Net die wat soos of beter as die ouers is kan bly en in aanmerking kom vir 'n plek in die teelhok. Vir die tweede jaar sal ek die oorspronklike twee pare net omswaai en saam met hulle, na gelang van spasie, sal ek twee tot vier pare van die beste kuikens oppaar. Maar nie meer as vier pare nie.

Na die tweede jaar se teel sal die oorspronklike 4 duiwe gewys het wat in hulle steek en so ook die eerste rondte kuikens wat die "cut" gemaak het. Ek weet egter dat nog so seisoen of twee nodig gaan wees vir my om nog ervaring op te doen met die duiwe. Hier van so na die derde seisoen sal ek dalk begin kyk waar skiet my duiwe tekort, volgens my en wat ek op die skoue ervaar het. JA, EK GAAN BESLIS SKOU. HOE ANDERS GAAN EK WEET WAAR EK STAAN!!

Daar is een baie belangrike ding wat die nuwe lid of teler moet doen. Ken jou standaard!! Bestudeer die geskrewe standaard en ken dit uit jou hart!! Dit, en dit alleen is wat jy voor teel!! As jy sukkel om met die geskrewe standaard en die duiwe in jou hok 'n prentjie in jou kop te vorm, gebruik die standaard tekening as 'n hulp, maar na 12 tot 18 maande behoort jy die standaard goed te ken!!

Dit is wat ek sou doen as ek vandag moes voor begin.......

**God hoef nie Sy naam op 'n kennisgewing in die hoek van 'n grasveld te sit nie, want niemand anders maak grasvelde nie.**

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011




# Pigeon DNA gives up fancy secrets

**By Jonathan Amos**
**Science correspondent, BBC News**
**Submitted by Simon Jordaan**

Image caption. Just as in dogs, the pigeon breeds display a striking array of differences - in behaviour, feather ornaments and colour patterns

They may not be everybody's favourite, but pigeons have now joined that elite club of animals to have had their DNA laid bare by researchers.

A team from the US, Denmark and China reports the sequencing of the genome of the rock pigeon (Columba livia) in this week's Science magazine.



It has allowed the origins of some of the roughly 350 breeds to be traced.

The researchers have even managed to pinpoint the gene responsible for the head-crests seen in many fancy birds.

This gene, known as EphB2, controls whether the head and neck feathers on a bird turn upwards to create the ostentatious displays or downwards to maintain a line of smooth plumage.

It is a single mutation, or error, in EphB2 that turns the crest on.

By analysing the DNA around the gene, the scientists have been able to show this feather feature, much prized by pigeon "fanciers", to have evolved just the once. It was then spread through the various bird populations by breeders who wanted to see it in their own animals.

Human insights

Some might question the relevance of delving into the DNA of pigeons. It is fair to say the feral birds that congregate in city centres have somewhat smeared the reputation of Columba livia in the eyes of many people.

But Dr Mike Shapiro

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

says the pigeon may lead us to some very useful information about ourselves.

Image caption Old Dutch capuchine: More than 80 breeds of rock pigeon have head crests




"Just about all animals use the same toolkit of genes to build their bodies and to control similar processes during development," the University of Utah, Salt Lake City, researcher explained.

"By understanding how these processes work in other animals, we can in turn learn more about normal and abnormal variation in humans as well. If you take the gene we identified, this EphB2 gene - this is a gene that has also been implicated in particular types of cancers. It may also have a role in the progression of Alzheimer's disease," he told BBC News.

The attraction of pigeon genetics mirrors that of dogs.

In both cases, domestication and selective breeding have produced huge numbers of different breeds - each with a distinctive physique, colour and even behaviour.

These discrete populations give scientists the opportunity to compare and contrast the genetics of the different groups, making it easier to find the causes of specific traits.

To read the full DNA sequence of the pigeon, the researchers used a male bird from the Danish Tumbler breed.

This work, undertaken at the Beijing Genomics Institute and the University of Copenhagen, was then supplemented by the more limited sequencing of over 30 other breeds and even some feral birds - those unpopular city pigeons.

Great escape

From this endeavour, it was found that Columba livia's DNA holds about 17,300 genes - the codes used by cells to implement the biochemistry needed to build and maintain the animal's body.

As well as the EphB2 phenomenon, the analysis threw up some important observations about the histories of the different breeds.

It confirms most of them come from the Middle East. It is clear also that there has been a big exchange of pigeons between the Middle East and South Asia, and India in particular - the likely consequence of historic trading connections between the two regions.

And, the researchers

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

show unambiguously how escaped racing pigeons have bolstered the populations of feral birds.

Shapiro's group compared the sequences of a pigeon taken from an overpass in Utah and another bird living by a lake in Virginia. Despite being separated by thousands of kilometres, these animals were genetically very similar to each other and to the classic racing homer breed.

"Breeders tell us that not all of their birds come back from every race, and so these are the birds with the greatest potential to escape and contribute to the free-living population," Dr Shapiro said.

"And at least in the sites we sampled, here in Salt Lake City as well as a site in Virginia, this appears to be the case - that the feral pigeons bear a very strong genetic resemblance to racing homing pigeons."

Jonathan.Amos-INTERNET@bbc.co.uk and follow me on Twitter: @BBCAmos



## American Showracer Jongduifskou 2017 te Sandstone

**Willie van Zyl**

Ek sê dit elke jaar maar dit bly net 'n groot sukses die ASR-KLUB se jongduifskou te SANDSTONE ESTATE. Die naweek van 9 tot 11 Junie 2017.

Die lede het weer uit al die windrigtings opgedaag, saamry geleenthede was soos in die verlede aan die orde van die dag. Die manne en dames uit die Kaap was die Vrydagaand maar flou van die nag en dag se ry. Hulle het vroeg weggeraak en gaan slaap opvang. Hierdiejaar was daar twee voertuie. DANKIE JULLE.

Heelwat veranderige is aangebring op die terrein. Die skou was in een van die groter store. Die lokaal waar die skou die vorige jare in gehou was is nou 'n eetsaal met 'n groot kombuis aangeheg.

'n Hele paar trein waens is ingerig as slaap kwartiere. Die eerste nag op die smal trein slaapbank was nie so gemaklik nie maar met die tweede een het dit al beter gegaan.

Saterdag se program het ook vlot verloop. So teen 07:30 het ons saam koffie en rooster broodjies geniet waarna Pierre le Roux met die beoordeling begin

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

het. Later die oggend is die beoordeling gestop en het ons 'n "brunch" gaan geniet. Die beoordeling is voltooi en die wenners aangewys.


Graham Neethling het met 'n mannetjie die beste duif vertoon. Sy eerste jongduifskou. Benard van Zyl was in die tweede plek met die beste wyfie.

Na die beoordeling is daar tyd afgestaan waar die lede oor die ras gesels het en 'n paar onduidelikhede, vernaam die verskil tussen die twee blou geruite klasse, gewoon en donker geruit uitgeklaar is. Ek dink ons verstaan dit nou beter ~~en die lede is nou op~~ dieselde golflengte. Die skousaal is weer verlaat en koffie en vetkoek is geniet. Die wat wou het van die ander sale gaan besoek of sommer net ontspan.


Die aand is daar gesellig verkeer en die prysuitdeling is gedoen. Voorwaar weer 'n heerlike naweek waar die duif, die American Showracer, vooropgestel is.

Aan Raymond wat weer die terrein gekry het en die meeste reëlings getref het tesame met Rob Lombaard en Benard van Zyl wat bydraes tot die etes gelewer het weereens BAIE DANKIE, ook aan Shorty wat saam met Raymond gekom het wat die kombuis beman het.

Groete tot volgende jaar weer daar.

**_South African Rare Breeds Club_**
**_Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub_**
**_Established *** 1988 *** Gestig_**



**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**


**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**



**Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011**



Submitted by
Lionel Philips

**THE AUTHOR IS NOT KNOWN. IT WAS FOUND IN THE BILLFOLD OF COACH PAUL BEAR BRYANT, ALABAMA, AFTER HE DIED IN 1982**

**The Magic Account**

Imagine that you had won the following *PRIZE* in a contest:

Each morning your bank would deposit $86,400 in your private account for your use. However, this prize has rules....

**The set of rules:**

1. Everything that you didn't spend during each day would be taken away from you.
2. You may not simply transfer money into some other account.
3. You may only spend it.
4. Each morning upon awakening, the bank opens your account with another $86,400 for that day.
5. The bank can end the game without warning; at any time it can say, "Game Over!". It can close the account and you will not receive a new one.

What would you personally do?

You would buy anything and everything you wanted right?

Not only for yourself, but for all the people you love and care for. Even for people you don't know, because you couldn't possibly spend it all on yourself, right?

You would try to spend every penny, and use it all, because you knew it would be replenished in the morning, right?


ACTUALLY, This GAME is REAL ...

Shocked ???


YES!

Each of us is already a winner of this *PRIZE*.

We just can't seem to see it.

***Chris de Bruin***
**Teel met Cauchois, American Giant Runts, Strassers, Swiss Mondains & Gros Mondains.**
**Kontak besonderhede:**
**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**



The PRIZE is *TIME*

1. Each morning we awaken to receive 86,400 seconds as a gift of life.
2. And when we go to sleep at night, any remaining time is Not credited to us.
3. What we haven't used up that day is forever lost.
4. Yesterday is forever gone.
5. Each morning the account is refilled, but the bank can dissolve your account at any time WITHOUT WARNING...

SO, what will YOU do with your 86,400 seconds?

Those seconds are worth so much more than the same amount in dollars.

Think about it and remember to enjoy every second of your life, because time races by so much quicker than you think.

So take care of yourself, be happy, love deeply and enjoy life!

Here's wishing you a wonderful and beautiful day. Start "spending"....

---

**On a train from London to Manchester to watch the cricket, an Australian Was berating the Englishman sitting across from him in the compartment.**

**"You English are too stuffy. You set yourselves apart too much.**

**You think your stiff upper lip makes you above the rest of us.**

**Look at me... I am ME ! I have Italian blood, Greek blood, a little Irish blood and some Aborigine blood. What do you say to that ?"**

**The Englishman replied, "Terribly sporting of your mother, old chap!"**





**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**
**DIE PERFEKTE RAS:**
**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne Alle lede se bereik te plaas.**
**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves? - the perfect bird!**


Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011




INTERNATIONAL BRUNNER POUTER CLUB

SOUTHERN AFRICA

"Passionate about brunners internationally, improving their standards by sharing ideas and bringing breeders closer together"








# International Brunner Pouter Club

*.......a fusion of professionalism and friendship*

**President:** Rob Lombaard
PO Box 161
Henley-on-Klip 1962
Cell: 079 502 5626
E-mail:**rob.lombaard@gmail.com**

**Secretary:** Christo Munnik
PO Box 618
Anerley 4230
Cell: 076 391 5800
E-mail: **cora.christo@gmail.com**

## 2017 Skou en Duiwedae almanak

**22 April 2017** - **Weskaap Jongduifskou**
Christo v Vuuren - 084 602 1316 - Christo@bhome.co.za

**06 Mei 2017** - **Noord Vrystaat - Welkom**
Attie van Aswegen - 082 411 8483 - attievanaswegen@gmail.com

**13 Mei 2017** - **Oostelike Provinsie - Port Elizabeth**
Johann de Beer - 072 399 8952 - info@mbosman.co.za

**13 Mei 2017** - **Oostelike Streek - Ermelo**
Christie Roux - 082 324 6590 - rouxpetro1@gmail.com

**20 Mei 2017** - **Noord-van-die-Vaal - Pretoria**
Nollie Oosthuizen - 082 655 0659 - corppay@mweb.co.za

**20 Mei 2017** - **Weskaap - Malmesbury**
Christo v Vuuren - 084 602 1316 - Christo@bhome.co.za

**27 Mei 2017** - **Vrystaat Streek - Bloemfontein**
Raymond Hohls - 083 303 9865 - RHohls@mweb.co.za

**27 Mei 2017** - **Bodemtuimelaar Prestigeskou - Bloemfontein**
Bertie Wessels - 083 733 4191 - bertie_wessels@hotmail.com

**25 - 27 Mei 2017** - **Noord Kaap - Upinton**
Danie Visser - 083 390 0860 - dvisser@lantic.net

**03 Junie 2017** - **Suid-Westelike Distrikte - Hartenbos**
George Bell - 083 348 9969 - bellgeorge@hotmail.com

**03 Junie 2017** - **Wes-Transvaal - Makwassie**
Awie Esterhuizen - 082 682 0143 - pyp.esteruizen@gmail.com

**04 tot 08 Julie** - **Homerklub Prestigeskou - Pietermaritzburg**
Attie van Aswegen - 082 411 8483 - attievanaswegen@gmail.com

**04 tot 08 Julie 2017 - SA Kampioenskapskou - Pietermaritzburg**
Hennie Hattingh - 082 923 3910 - henniehattingh703@gmail.com
**Hoofbeoordelaar - Pierre le Roux - Alternatief - Renier Lee**

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

## SAFPA - Affiliated Speciality Clubs

### American Showracer Club of South Africa
Pres: Raymond Hohls - 083 303 9865 - Sec: Matt Willemse - 082 807 3825

### Birmingham Roller Exhibition Club of South Africa
Pres: Christo Munnik - 076 391 5800 - Sec: Raymond Hohls - 083 303 9865

### Blower Club of South Africa
Pres: Jan Labuschagné - 083 491 2919 - Sec: Dirk Scholtz - 082 452 4229

### Chinese Owl Club of South Africa
Pres: Lourens Muller - 076 570 3289 - Sec: Hendriena Swanepoel 073 245 7993

### Colour Pigeon Club of South Africa
Pres: Awie Esterhuizen - 084 682 0143 - Sec: Peet Botha - 082 467 0996

### Fantail Club of South Africa
Pres: Coenie Naudé - 081 502 7769 - Sec: Willie v Rensburg - 082 787 8701

### Frill Club of South Africa
Pres: Stewart Patterson 082 457 2919 - Sec: Koot Serfontein - 071 113 1669

### Heavy Breed Club of South Africa
Pres: Jannie Swanepoel - 072 279 9299 - Sec: Chris de Bruin - 082 426 8703

### Homer Breed Club of South Africa
Pres: Raymond Hohls - 083 303 9865 - Sec: Attie van Aswegen - 082 411 8483

### Modena Club of South Africa
Pres: Ruben Kitching - 082 434 9808 - Sec: Hennie Bosman - 082 838 1417

### Mookee Club of South Africa
Pres: Attie van Aswegen - 082 411 8483 - Sec: Ruben Kitching - 012 548 5806

### Parlour Tumbler Club of South Africa
Pres: Chris vd Walt - 082 378 6447 - Sec: Bertie Wessels - 083 733 4191

### Strasser Club of South Africa
Pres: Edu le Roux - 087 150 4614 - Sec: Chris de Bruin - 082 426 8703

### Trumpeter & Toy Club of South Africa
Pres: Gert Venter - 076 546 5613 - Sec: Wikus v Niekerk - 012 653 7105

### Tumbler Club of South Africa
Pres: Bertie Wessels - 083 733 4191- Sec: Christo Britz - 083 626 6003

### Wattle Breed Club of South Africa
Pres: Attie van Aswegen - 082 411 8483 - Sec: Matt Willemse - 082 807 3825

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

## Rules

1. The duration of the competitions will be from 1st July to 30th June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A report about a match meeting will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which ***increases*** its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Reëls

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van 1ste Julie tot 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk- Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal ***verhoog*** soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat R850 aan 'n advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

### Order from the National Ringmaster:

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Book of Standards | R180 each |
| 2. | SAFPA ties (Navy blue) | R 60 each |
| 3. | SAFPA Pocket badge (Navy blue) | R 35 each |
| 4. | SAFPA Area scroll (Navy blue) | R 30 each |
| 5. | SAFPA Honour scroll (Navy blue) | R 30 each |
| 6. | Metal Member & Judges scrolls | R 50 each |
| 7. | National pocket badges (Green) | R 40 each |
| 8. | National Honour scrolls (Green) | R 30 each |
| 9. | National Ties (Green) | R120 each |

**All prices excludes Postage contact Netta Prince for correct postage**

## Score board

### Bankofs Shield

| | |
|---|---|
| 1. North-of-the-Vaal: | 1365 |

### Manie Fourie Trophy

| | |
|---|---|
| 1. Northern Freestate: | 1260 |
| 2. Western Cape: | 1101 |
| 3. Eastern Region: | 1086 |
| 4. KwaZulu-Natal: | 656 |
| 5. Eastern Province: | 561 |
| 6. SW Districts: | 535 |
| 7. Western Transvaal: | 360 |
| 8. Freestate: | 350 |
| 9. Northern Cape: | 200 |

### Bertie Wessels Trophy

| | |
|---|---|
| 1. KwaZulu-Natal | 0 |
| 2. SWD | 0 |

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

# Suid Westelik Distrikte Streekskou



Kampioen duif op skou
Nic Hanekom



Reserwe Kampioen
Johann de Beer



2de Res Kampioen
Deon Bence



3de Reserwe Kampioen
Johnny Rudman



4de Res Kampioen
Jannie vd Heever



5de Res Kampioen
Nic Hanekom



6de Res Kampioen
Johann de Beer

# American Showracer Jongduiskou Sandstone

